

**14 Januarie**

**Vreugde in die opbou van die kerk**

**Skrifgedeelte: Esra 6:13-22**  
**Fokusgedeelte: Esra 6:16 en 22**

Dit was die Here se wil dat dié wat die boodskap van verlossing glo, deel sal wees van sy kerk. So gebeur dit in Handeling. Die Here voeg by die gemeente dié wat gered is (Hand 2:47). Waar ook al Paulus die evangelie verkondig en mense kom tot geloof, daar kom 'n gemeente tot stand.

Hou dit in gedagte as jy vandag Esra 6 lees. Die ballinge het deur die genade van die Here na Jerusalem teruggekeer, en weer 'n tempel vir die Here gebou, ondanks bedreiging en teenstand. En as die bouwerk voltooi is, op die derde dag van die maand Adar (Maart-April van die jaar 515 vC, na 4½ jaar van groot inspanning), is die eerste wat ons lees: die vreugde waarmee hulle die inwyding daarvan gevier het (vs 16). Die Here het hulle hart verbly (vs 22). En met blydschap offer hulle, stel priesters aan, rig die Ou-Testamentiese kerk weer in.

Ken ons nog daardie vreugde en blydschap in die Here se werk van die opbou van sy kerk? As die Here sy gemeente bou, as Hy daartoe toevoeg elkeen wat gered word, as Hy sy kerk bewaar en vermeerder? Ag, hoe dikwels trek ons nie 'n donker wolk oor die vereiste vreugde in die kerk van die Here nie. So ernstig besig om mekaar aan te vat oor kleinighede op die rand; so bedruk deur die las van ons dikwels eie agendas dat daar van die vreugde so min gesien word.

Ons het veel meer om ons oor te verheug as die ballinge by die nuwe tempel. Dit wat daar afgeskadu is, het werklikheid geword. Ons kan ons verheug en verbly oor die volle verlossing in ons Here Jesus Christus. Ons kan daarvan sing in ons erediens. Ons kan daarvan praat op die kerkplein. Ons kan dit saamneem en uitstraal in ons lewe.

Die Here het sy kerk gebou, en ons beleef dit. Daarom: *“Laat vreug die Heer se huis deurbewe.”*

*Sing: Psalm 98:3 (Totius)*

*Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)*